NUUSBRIEF

Middelveld Posduif Unie

Jaargang 1 Nr. 2 Februarie 2018

Terugvoer : Bestuursvergadering – 1 Februarie

Die volgende besluite is geneem tydens genoemde MPU Bestuursvergadering:

1. Klubs wat voortaan nie afgevaardigers gaan stuur om vergaderings by te woon nie, sal as afwesig gemerk word. Klubs MOET verskoning aanbied as hulle nie vergaderings kan bywoon nie.
2. ASH One Race Loft se bestuur moet by die volgende vergadering ‘n voorlegging van prysgelde waarvoor meegeding gaan word, bekend maak. (Sien uiteensetting elders). Unie vervoerkoste vir veilings duiwe sal pro rata bepaal word.
3. Kameras gaan teruggesit word op die trok.
4. SANPO Bestuur vir Mpumalanga – Steve Mattheys is voorgestel en aanvaar as Sekretaris en Maggie Mattheys is voorgestel en aanvaar as Tesourier. Dissiplinere-, Finansiele-, Bemarkings-, en Skou, Sub Komitees wat MPU en SOTvl bedien, moet gestig word.
5. Wedvlugprogram – ‘n Program wat gebaseer is op ‘n kombinasie van Elite en Witbank se Wes/Suid-Wes voorstelle, met die byvoeging van Prieska (SANPO Nasionale Wedvlug) op 25 Augustus, word goedgekeur. (Sien program elders).
6. Trok Besprekings – ekstraksie waaiers moet ge-installeer word. Klubs sal voortaan onderling verantwoordelik gehou word vir diens en herstel van trok mandjies.
7. Unie Veiling 2018 – 13 Oktober 2018.
8. Dissiplinere Komitee – Pieter Goosen (v/sitter), Jenny Adams en die betrokke v/sitters van die onderskeie Klubs sal op die MPU Dissiplinere Komitee dien. Inmiddels sal ‘n brief aan Arnot Klub gestuur word t.o.v. beweerde wangedrag deur een van hulle lede.
9. Goedgekeurde veranderings aan die MPU Grondwet wat voorgestelde SANPO veranderings insluit, sal deur Sekretaris gedoen word sodra SANPO Kongres afgehandel is.

Pieter Goosen – V/sitter: MPU Dissiplinêre Komitee

Middelveld Posduif Unie – Program : 2018

Middelveld Posduif Unie

Wedvlugprogram

2018

WEEK	INKORF	LOSLATING	VLUG	TYE	INKORF KANT	UNIE	WTB	MID
KORTPAD								
Week 1	1 Junie	2 Junie	Ventersdorp 1 Ventersdorp 2	09h00 10h00	JO OPE		254	273
Week 2	8 Junie	9 Junie	Klerksdorp 1 Klerksdorp 2	09h00 10h00	JO OPE		284	307
Week 3	15 Junie	16 Junie	Coligny 1 Coligny 2	09h00 10h00	JO OPE		300	323
Week 4	22 Junie	23 Junie	Klerksdorp 3 Klerksdorp 4	09h00 10h00	JO OPE		284	307
Week 5	29 Junie	30 Junie	Sannieshof 1 Sannieshof 2	09h00 10h00	JO OPE	1ste U / Borg	351	374
Week 6	6 Julie	7 Julie	W/Stad 1 W/Stad 2	09h00 10h00	JO OPE		360	382
MIDDELPAD								
Week 7	13 Julie	14Julie	Bloemhof 1 Bloemhof 2	07h30 08h00	JO OPE		405	430
Week 8	20 Julie	21 Julie	Broedersput 1 Broedersput 2	07h30 08h00	JO OPE		425	447
Week 9	27 Julie	28 Julie	Christiana 1 Christiana 2	07h30 08h00	JO OPE	Dames	464	487
Week 10	3 Augustus	4 Augustus	Lykso 1 Lykso 2	07h30 08h00	JO OPE	JOK	509	532
Week 11	10 Augustus	11 Augustus	Ritchie1 Ritchie 2	07h30 08h00	OPE OPE	2de U / Borg Rooiduif	575	600
Week 12	17 Augustus	18 Augustus	Belmont 1	07h30	JO Derby	J / O Derby	630	652
LANGPAD								
Week 13	23 Augustus	25 Augustus	Prieska 1 Prieska 2	***** ####	OPE OPE	Bont	765	788
Week 14	30 Augustus	1 September	Hopetown 1 Hopetown 2	***** ####	OPE OPE	2JOK	660	685
Week 15	6 September	8 September	Hopetown 3 Hopetown 4	***** ####	OPE OPE	3DN	660	685
Week 16	13 September	15 September	Britstown 1 Britstown 2	***** ####	OPE OPE	3de U/Borg	770	792
Week 17	20 September	22 September	Strydenburg 1 Strydenburg 2	***** ####	OPE OPE	Ope Kamp	711	735
Week 18	27 September	29 September	Strydenburg 3 Strydenburg 4	***** ####	OPE OPE	Best Hen Best Cock	711	735
							9118	**9534**

**** 15 minute na sonop

15 minute later

LW
U/V: **Week 6/10/14**
ASH **Week 2/4/6/8/10/12**
MS **Sal volg**

- Soos gesien kan word, begin die seisoen op 2 Junie en eindig die naweek van 29 September.
- Die algemene gevoel is dat daar genoeg kort-, middel- en langpad wedvlugte is vir ieder en elke lid in die Unie om optimaal te kan deelneem aan die SANPO beste duiwe kategorieë.
- Unie veiling wedvlugte is op Wolmaransstad 1, Lykso 1 en Hopetown 1.
- ASH One Loft wedvlugte is soos aangedui, maar word vroeër losgelaat.

ASH One Loft Race – Uitbetalings

ASH Veiling	149 000,00
10% Pro-Flight	-14 900,00
10% aan ASH	-14 900,00
Unie Vervoer	-7 200,00
Witbank Klub Trok Vervoer	-4 800,00
Prysgelde	**107 200,00**
ACE Kort Pad - 1ste Plek	2 500,00
ACE Kort Pad - 2de Plek	1 500,00
ACE Kort Pad - 3de Plek	1 000,00
Totale prysgelde vir Kort pad	**5 000,00**
ACE MID pad - 1ste Plek	2 500,00
ACE MID Pad - 2de Plek	1 500,00
ACE MID Pad - 3de Plek	1 000,00
Totale prysgelde vir Mid pad	**5 000,00**
Algehele ACE duif	**5 000,00**
Hot Spot - x 4	
1 - R3000 x4	12 000,00
2 - R2000 x4	8 000,00
3 - R1000 x4	4 000,00
4 - R500 x4	2 000,00
5 - R300 x4	1 200,00
Totaal Hot Spot	**27 200,00**
Main Race 1	32 500,00
Main Race 2	32 500,00
Main Race totaal	**65 000,00**

ASH One Loft Race – Uitbetalings (Volg)

Main Race 1 & 2

Plekke	%	Koper	Teler	Totaal
1	25%	4,062.50	4,062.50	8,125.00
2	20%	3,250.00	3,250.00	6,500.00
3	15%	2,437.50	2,437.50	4,875.00
4	10%	1,625.00	1,625.00	3,250.00
5	8%	1,300.00	1,300.00	2,600.00
6	6%	975.00	975.00	1,950.00
7	5%	812.50	812.50	1,625.00
8	4%	650.00	650.00	1,300.00
9	4%	650.00	650.00	1,300.00
10	3%	487.50	487.50	975.00
	100%	**16,250.00**	**16,250.00**	**32,500.00**

Prysgelde 107,200.00

Uitbetalings 107,200.00

Uit die pen van Jan Agterboer - Februarie 2018

So begin die tyd weer vinnig nader staan om duifie slaggereed te kry vir die uitmergelende wedvlug seisoen.

Tans behoort die lyfvere redelik ver te wees met verveer en die meeste duiwe se penne behoort al omtrent by pen 7/8 te trek.
Met die Januarie Agterboer skrywe sal die meeste nou ag geslaan het op die getal duiwe wat in die hokke moet wees. Kwaliteit natuurlik, sal nogsteeds nie by almal op standaard wees nie, dit gebeur per slot van sake nie in ‘n maand of twee nie.

Kom ons bespiegel oor ‘n paar sake wat wedvlugtyd makliker sal maak en natuurlik die rol van die toegewyde duiwe boer die tyd van die jaar.
Hoog op elke boer se agenda moet die belang van sy duiwe wees, dit sluit natuurlik hul welstand in. Wat word benodig om ‘n gladde verveer op die duif se liggaam te sit, of wat maak dit makliker? Vere bestaan uit ‘n proteïen met die naam Keratien. Die proteïen kan ons vind in boontjies, ertjies, spinasie, wortels, vis, brouers gis, whey, boer koring, kool, sade, ens. Belangrik, met die opneem van keratien kan jy biotin by gee, Vitamin B kompleks behoort dit te bevat. Sterk vere help om die duif glad deur die lug te laat seil en sodoende verbrand hy minder energie om by die huis te kan kom. In kort, ‘n goeie dieet met die regte balans kan tot ‘n sekere mate dit makliker maak vir die duif om in die lug te bly. Vitamine en minerale aanvullings bly baie belangrik gedurende die stres tydperk maar ons moet poog om dit nie te oordoen nie. 2/3 maal per week ‘n aanvulling by die kos of water sal voldoende wees, natuurlik moet ons nie die grid vergeet wat weekliks vars voorgesit moet word nie. Metionine, choline en cystine is van onskatbare waarde deur die verveer seisoen. Hier kom ‘n produk met die naam van Dacochol eerste op in my gedagtes. En voor ons afstap van goeie “moult” is die vitamin D3- gratis en verniet solank die duiwe net in die son kan kom.

Voeding is die een manier om ‘n goeie balans te verseker maar ons moet nie uit die oog verloor dat min of geen van ons ‘n veearts is nie en daarom moet voorsorg hoog op almal van ons se agendas wees. Voorsorg is terloops beter as nasorg.

Wenne word in die afseisoen en broeiseisoen verseker en daarom glo ek dat die weg tot sukses bepaal word in die verveer seisoen se behandelings program, let net op hoe vinnig tyd verby gaan as jy eers begin behandel.

14 -28 aaneenlopende dae se behandeling met ‘n Doxycycline produk- so na as moontlik aan Februarie behoort die verveer glad aan die gang te kry. Doxy is een van die ligste antiboitikas wat ons kan gee en het die minste impak op ons duiwe se welstand. Natuurlik ‘n positiewe impak is waarna ons streef. Doxy help natuurlik ook teen die behandeling van een van die drie verskillende malaria protozoan waarteen ons moet behandel. Bakteriese besmetting stel ek voor om te behandel gedurende Maart/ April met ‘n Furaltadone draende produk aangesien Furaltadone ‘n baie geringe impak het op die duiwe en ook sal verseker dat die verveer glad sal verloop.
Malaria behandeling kan met ‘n paar verskillende produkte gedoen word maar wat ons moet onthou van malaria is dat sodra jy die siklus verbreek het van die malaria protozoan duiwe glad nie in aanraking mag kom met die duiwe vlieg nie. Sodra ‘n duiwe vlieg ‘n duif se bloed suig vind die besmetting van vooraf weer plaas, so gaan eerder op ‘n beplande gereelde behandelings sisteem teen malaria. Basiese produkte wat gebruik kan word is Primaquine, Chloroquine en natuurlik die laaste uitweg Mefliam.

Om malaria nie net te onderdruk nie gaan van die volgende behandelings metode gebruik gemaak moet word. Dien Primaquine toe vir 10 agtereenvolgende dae, ‘n rus periode van 10 dae en dan weer ‘n 10 dae toedining van Primaquine. Die uitsluitlike funksie van Primaquine is om die rooibloedsel te herstel

maar terselfde tyd raak die ontslae van die ongewenste protozoan. Mefliam voorseisoen vir nie minder as 5 dae en gedurende wedvlug seisoen nie meer as 3 dae word voorgeskryf. Primaquine en Chloroquine kan baie betekenis gee as ‘n booster gedurende die week, veral op ‘n mandjie dag.

Coccidiosis is ‘n ongelooflike groot probleem by jong duiwe en moet reg deur die jaar teen gewaak word. Behandel voor en gedurende die seisoen elke 4-6 weke met verskillende produkte soos bv, Avertex tablette(Diclazuril), Baycox(Toltrazuril), Sulpha draende produkte(Triple sulpha ens). Coccidiosis beskadig die derm wande en verswak proteïene opname wat dan tot volg het dat groot getalle jong duiwe nie die krag het om onder stres te funksioneer nie en wegraak. Volg aanbeveelings brosure van wie ook al se produk jy gebruik.

Wurm en pararitiese behandelings is dalk een van die mees belangrikste behandelings wat ons as duiwe boere vir ons voëls kan doen. Wurms affekteer nie net die dermkanaal nie maar ook duiwe se immuniteits toestand en maak duiwe oop vir sekondere besmettings soos bv kanker en bakteriese besmettings. Wissel weereens produkte af met produkte wat verskillende aktiewe bestandele bevat. Moxidektin, ivermectin, praziquantil, levamisole, is maar net ‘n paar name waarna gelet moet word.
Dan volgens my die belangrikste behandeling so na as moontlik aan die begin van die wedvlugte is Streptococcus. Meeste van ons is oor die algemeen lui duiwe boere gedurende die verveer maande en deur nie gereeld hok skoon te maak nie veroorsaak ons stof wat die spoor van streptococcus versprei in die hok. Enigste behandeling wat werk teen Streptococcus is met Amoxcicillin en clavulanic acid kombinasie. Dis ‘n duur behandeling maar sal beslis enige hok net tot voordeel wees.

Kanker behandelings is van kardinale belang aangesien kanker in meeste hokke ‘n onderliggende probleem is wat net wag vir die regte stres of toestand om uit te breek. Gebruik voorseisoen die volgende produkte om dit onder beheer te kry. Ronidazole en Dimetridazole kombinasie vir 5-7 dae. Natuurlik die gebruik van lugols iodine help ook teen die die tricomoniasis protozoan, en met sewe agtereenvolgende dae se gebruik gee jy jou duiwe se immuniteit systeem ‘n waardevolle skok.

Kosmengsel vir die verveerseisoen:
10% GARS
10% PADDY RICE
15% SONNEBLOM
10% ROOI SORGHUM
7.5% WIT SORGHUM
5% HEMP SAAD
10% ERTE
5% BOER KORING
5% FLAX SEED
7.5% GEBAKTE SOYA BONE
10% MIELIES
2.5% KOOL SAAD
2.5% GEBAKTE GRONDBONE

Saam die mengsel gee jou Dacochol, spirulina, whey poeiers, brouers gis en omega 3/6 olie mengsel.
Ek weet daar is soveel meer wonderlike produkte as die wat ek genoem het en dalk nog ‘n geheim of twee wat ook gedeel kon word maar onthou geen behandeling kan kwaliteit duiwe vervang nie.
Weereens maak seker jou familie het ‘n sterk immunstelsel wat oor die algemeen nie siek word nie. Sodra duif siek word behandel een keer, volgende keer laat die asblik hulle behandel. Navorsing toon dat slegs duiwe met super wen gene die volgende wen generasie kan waarborg, kerk duiwe gaan net kerk duiwe teel.

Ek dink het het so bietjie google werk oor en gaan solank begin met die volgende navorsings projek vir die Maart maand uitgawe. Daarin sal ek die regte voeding aanraak wat duiwe nodig het en wat die groot verskil kan moontlik maak vir ‘n suksesvolle wedvlug seisoen. In die tussentyd hou jou duiwe se mis dop en maak seker dat die duiwe genoeg rus en sonlig in kry.

Duiwe groete,
Jan Agterboer



SANPO
Suid Afrikaanse Nasionale Posduif Organisasie
South African National Pigeon Organisation

www.sapigeon.co.za